




Nuusbrief / Newsletter

JUNIE / JUNE 2022

www.pmfsa.co.za

This e-newsletter is compiled from sources that are deemed to be reliable.

However, the publisher accepts no responsibility for any errors or the effect of any decisions based on this publication.



Sponsored by  **FARMRanger®**

Stadige vordering met wetgewing



forestry, fisheries
and the environment
Department:
Forestry, Fisheries and the Environment
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tydens 'n virtuele vergadering van die Wildlife Forum gehou op 13 Junie 2022, is vermeld dat min vordering gemaak is met wetgewing sedert die vorige vergadering in Februarie 2022. Dit sluit in:

- National Environmental Management: Biodiversity Act (NEMBA)
- National Environmental Management Laws Amendment bill (NEMLA)
- Threatened or Protected Species (TOPS)regulasies
- Norme en standarde vir renosters en luiperdjang

Die vergadering het versoek dat die department 'n dokument saamstel waarin verslag gedoen word oor die huidige stand van sake, asook die vordering wat gemaak is met elke aspek van wetgewing, norme en standarde wat in die agenda gelys is.

Other discussions included the development of a certification scheme for wildlife and wildlife farming. Questionnaires were sent out regarding conservation and viable, sustainable land use, to advise on the development of such a certification scheme. Major challenges with trophy hunting, hunting of lions, and the trade in rhino horn were also discussed at length. Progress on these issues seems to be extremely slow and stakeholders are concerned about this.



What is happening at the Leopard Forum?


SA Hunters and Game Conservation Association manager, Lizanne Nel, provided a brief report on the Forum meeting held earlier this month.

After three meetings with different role players interested in and affected by leopards, the Department of Forestry, Fisheries and the Environment (DFFE) decided that the National Leopard Forum will be a consultative forum until it has matured enough for the department to follow a legal process to establish an advisory forum as prescribed in the National Environmental Management Act (NEMA).

The DFFE had meetings with different focus groups to provide a conducive environment for diverse stakeholder groups to present their issues on leopard research, monitoring, observations, challenges, and legal aspects. Meetings with traditional leaders and communities, traditional healers, and academia still need attention. Feedback was provided on these focus group meetings with clearly identified areas for attention.

The draft leopard status quo report and Terms of Reference for the forum, developed with inputs by the forum will be taken to the intergovernmental structures for approval. This will serve as a basis to draft a leopard conservation strategy and biodiversity management plan, respectively. Development of a framework for the Leopard Conservation Strategy will be finalised next. The litigation on the decision to allocate the hunting and export quota for leopard by the Humane Society International was successful and set aside. A monitoring task team will be established to provide inputs on monitoring guidelines, to make information easily digestible by landowners and communities as key role players.

A proposal by SA Hunters for a clear roadmap and timelines for quota setting in future was approved and will be attended to.



Afskrikmiddels as voorkomende beheermetode

Elke maand poog PMSA om produsente van lewendehawe met praktiese advies te bedien om predasiebeheer op verantwoordelike, wetenskaplike en volhoubare wyse te benader. Die vorige vier uitgawes het gefokus op voorkomende beheermaatreëls wat heinings, mikrokampstelsels, krale, klankafwering en die moderne skaapwagter insluit. Verlede maand is daar gekyk na lig- en grootskaalse reukafwering. Hierdie maand word daar gefokus op halsbande.

HALSBANDE

Alle halsbande is veilig om te gebruik en het geen negatiewe uitwerking op die natuur nie.

Beskermende halsbande het beslis 'n positiewe uitwerking op die voorkoming van predasie. Alle kleinvee moet met halsbande toegerus word ten einde die effek van roofdiere te kan teëwerk. Soos met ander halsbande en klokkies, raak roofdiere die metode gewoond en vangmetodes word aangepas weg van die nek-area na die boude. Halsbande moet deurlopend verstel word soos wat lammers groei.



Wissel beskermende halsbande met afwerende halsbande af om verwarring by roofdiere te skep. Moet nooit verskillende soorte halsbande gelyktydig op dieselfde plaas gebruik nie.

Afwerende halsbande bring klanke voort, is besonder helder van kleur of skei bepaalde reuke af.

Klokkieshalsbande is toegerus met klein blikkies en klippies wat soos klokkies lui wanneer die dier wat dit dra, rondbeweeg. Dit skep die indruk by die roofdier dat iets nie pluis is nie en daarom word die mak diere as prooi vermy.



>>>



Wissel gereeld met ander afwerende tegnieke af, anders raak roofdiere gewoond daaraan.

Kleurhalsbande is toegerus met fluoresserende materiaal wat snags lig uitstraal en sodoende die roofdier ongemaklik laat voel vanweë die vreemde aard van die kleure.



Geel en oranje weerkaatsende band wat op sleepwaens gebruik word, werk goed.

Reukhalsbande word van eenvoudige materiaal soos katoen gemaak en met verskillende reuke deurweek sodat daar vreemde reuke in die veetrop is. Dit verwarr en skep vrees by roofdiere en ontmoedig hulle om kleinvee te vang.



Gebruik reukhalsbande met verskillende reuke sodat daar nie 'n eenvormige reuk is nie. Verander reuke ook gereeld en wissel af met ander afwerende tegnieke.



Die *Predasiebestuurshandleiding*, die boer se eenstopgids om predatore te identifiseer en predasie te bestuur, is by die PMSA Sekretariaat beskikbaar of kan aanlyn gelees en afgelaai word: https://www.pmsa.co.za/images/news/Manual_Afrikaans.pdf.



Ekosisteem dienste en holistiese veldbestuur

In die laaste van dié reeks van drie artikels, verduidelik Cape Nature se biodiversiteitsbewaringspesialis, Jaco van Deventer, waarom boere bewaringsboerdery moet toepas, ten spyte daarvan dat landbouproduksie hul primêre aktiwiteit is.

Hy moedig boere aan om holistiese boerderybestuur toe te pas, wat al die fasette van ekologie op landbougrond insluit. Volgens Van Deventer is die landbousektor totaal afhanklik van die natuur en ekosisteemdienste wat die natuurlike omgewing bied om ekonomies te kan oorleef. Enige vorm van versteuring van die natuurlike balans het normaalweg een of ander negatiewe reaksie met onvermydelike finansiële gevolge.

In 'n neutedorp

Probeer ten alle tye om nie die sensitiewe en gesonde balans van die natuur te versteur deur swak grondbestuur nie. Vir alle aksies is daar normaalweg 'n reaksie. Hierdie reaksie mag dalk negatiewe gevolge hê wat dikwels baie duur, moeilik en tydrowend is om reg te stel.

Maak seker hierdie goeie bestuursbeginsels word gevolg:

- Verhoed die onselektiewe gebruik van gif of chemikalieë. Dit kan groot en langdurige impak en kettingreaksies op die ekologie tot gevolg hê. Gif mag slegs aangewend word vir die doel waarvoor dit op die etiket geregistreer is.
- Rus sekere gedeeltes veld of kampe deur vee te onttrek, veral in die blom- en saadvormingstydperk.
- Versprei waterpunte oor die gebied sodat vee nie op sekere plekke konsentreer en oorbeweiding en vertrapping veroorsaak nie.
- Poog om – in die geval van roofdiere – nie die spesie te teiken nie, maar die individue wat verantwoordelik is vir die skade. Indien die sosiale strukture van roofdierbevolkings versteur word deur onselektiewe bestuur, kan dit aanteel stimuleer, wat 'n toename in veeverliese kan meebring en baie predasiedruk op die natuurlike prooispesies plaas.
- Gebruik slegs beheermetodes wat selektief, ekologies aanvaarbaar, wettig- en koste-effektief is.
- Beskerm kleinwild en natuurlike prooispesies ten alle koste. Pas streng beheer toe oor die onwettige jag met honde, strikke, vanghokke en slagysters.
- Hou – waar prakties moontlik – ooie wat lam of ooie met baie jong lammers in 'n veilige kamp en onder toesig, totdat die lammers sterk genoeg is. Meeste predasie deur roofdiere vind plaas in die "pap lam" of "swak lam" tydperk, kort na geboorte.
- Pas voorkomende bestuur toe om roofdierverliese te voorkom of te beperk. Gebruik 'n kombinasie van metodes en wissel dit gereeld af om te verhoed dat roofdiere daaraan gewoond raak.



Financial implications of livestock predation in SA



UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS
NATURAL AND
AGRICULTURAL SCIENCES
PREDATION MANAGEMENT
CENTRE (PMC)

Indago, the journal of the National Museum, produced a special predation issue that is available from the National Museum's library. The electronic version can be accessed through:

[https://nationalmuseumpublications.co.za/wp-content/uploads/2022/03/INDAGO-37-Web-size.pdf.](https://nationalmuseumpublications.co.za/wp-content/uploads/2022/03/INDAGO-37-Web-size.pdf)



This predation volume of the journal comprises seven papers dedicated to investigating conflicts between farmers and two of the most common predators in South Africa, the black-backed jackal and the caracal. The first two papers in this volume dealt with the history of predation management and the next paper investigates the impact of predators on livestock farms.

The third paper in this volume is titled “A review and estimation of the financial implications of livestock predation in South Africa”. This paper estimates the direct cost of livestock losses due to predation in South Africa. Data from previous studies (Van Niekerk 2010 and Badenhorst 2014) were used as a benchmark. These data were then updated with livestock numbers for 2019 from the Department of Agriculture Land Reform and Rural Development (DALRRD)) and values for head of livestock for 2019 from the National Livestock Theft Forum to provide more up-to-date data; specifically, to estimate the cost of predation in 2019.

Assuming that the small livestock sector accounts for 13% of predation losses, as in Van Niekerk’s (2010) study, this paper estimates the direct cost of livestock predation for small livestock to be R2 710 million. Similarly, assuming that the large livestock sector accounts for 1% of predation losses, as in Badenhorst’s (2014) study, the direct cost of livestock predation for large livestock is estimated at R511 million.

Estimating the cost of predation is challenging because of the cost of conducting research on a national level, the reliability of data, and over- or underestimations of predation losses. The authors therefore stress the need for current, accurate information on predation losses to check the assumptions made in this study and to assess the current situation.

For further details, contact the Predation Management Centre (PMC), situated at the University of the Free State: (+27) 51 401 2210 or PredationMC@ufs.ac.za, or visit the website: <https://www.ufs.ac.za/pmc>.





Deel u bestuurs- praktyk met ons!

Daar is menige boere wat predatore doeltreffend bestuur en daarom wil ons graag sulke suksesstories aanhoor en deel met medeboere. U geslaagde bestuurspraktyk sal in die maandelikse PMF- nuusbrief verskyn en ook op die webtuiste geplaas word.
Skakel Bonita Francis by (041) 365 5030 of per e-pos by nwga@nwga.co.za.



STOCK THEFT ? PREDATORS ?



Get alarm calls when DANGER is detected



Live GPS tracking in app during an alarm



Just ONE collar covers a flock of 450 sheep

Tel : 028 212 3346



Download on the App Store GET IT ON Google Play

FARMRanger
LIVESTOCK SECURITY COLLARS

SHEEP. CATTLE. GOATS. HORSES.